Aliwal-Noord

Die dorp Aliwal-Noord is in 1849 gestig deur sir Harry Smith, goewerneur van die Kaap-Kolonie. Hy het die dorp genoem na een van sy groot veldslae in Indië.
Aliwal-Noord, wat aan die oewer van die Oranjerivier gelê is, is op die plaas Buffelsvlei gestig. Die buffel speel steeds 'n belangrike rol in die tradisie van sowel die Hoër- en Laerskool Aliwal-Noord – dit verskyn op die skole se wapens en die hoërskool se 1ste rugbyspan noem hulleself die "Buffels".
Die dorp is bekend vir sy warmwaterbronne en duisende mense besoek Aliwal-Noord om by hierdie helende water te vertoef. Gevolglik kan Aliwal-Noord beskou word as 'n vakansiebestemming, asook as 'n oornagplek vir toeriste onderweg na die see. Vakansiegeriewe is volop op die dorp en toerisme is 'n groot bron van inkomste.

Aliwal-Noord groei steeds, en anders as baie van sy buurdorpe het dit 'n gesonde sakesektor.



Aliwal North High School

STIGTINGSDATUM: 1871
LEUSE: AUDENTIOR ITO (LOOP MOEDIGER)
ADRES: SOMERSETSTRAAT, ALIWAL-NOORD
WWW.ALIWALHIGHSCHOOL.CO.ZA

Skoolgeskiedenis

Die eerste onderwyser is in 1850 aangestel, maar die Aliwal-North Public School is eers in 1871 gestig met mnr Postma as hoof. In 1884 het die Public School saamgesmelt met die Collegiate School for Girls onder mej Rittman. In 1899 is die Publieke Skool se naam verander in Aliwal-North High School.

Vanweë groeiende getalle is besluit om die hoër- en laerskool te skei, en in 1924 het die hoërskool sy nuwe tuiste betrek, op 'n heuwel wat oor die dorp uitkyk. Die High School het aanvanklik 119 leerders met nege personeellede gehad. In 1974 is die gebou vergroot en 'n nuwe skoolsaal aangebou.

Vandag het die skool 510 leerders en twintig onderwysers. Daar is twee rugbyvelde, twee hokkievelde, twee netbalbane en vier tennisbane. Vier jaar gelede het die skool ook met sokker begin, en vandag is daar twee seunspanne en 'n meisiespan.

Rugby by Aliwal

Rugby het 'n baie belangrike rol in die trotse geskiedenis van ANHS gespeel. Die beroemde Osler broers, Bennie en Stanley, was leerlinge van die skool, asook nog twee Springbokke, Dawie Ackerman en Leon Vogel. Die toetsskeidsregter Alec van der Horst is ook 'n oudleerling.

Die skole van Noord-Oostelike Distrikte ding sedert 1914 mee om 'n skild wat deur Noord-Oostelike Distrikte se rugbyunie geskenk is. Die lys van wenskole sluit die Hoërskole Steynsburg, Molteno, Venterstad, Lady Grey, Jamestown, Burgersdorp en ANHS in. Weens die ontvolking van die platteland het net ANHS en Burgersdorp oorgebly.

ANHS en die Hoërskool Burgersdorp ding steeds ywerig om die skild mee. Die eertydse tweejaarlikse kragmeting is vervang deur 'n eenmalige geleentheid elke tweede week in Augustus. Op hierdie dag kom albei dorpe byna tot stilstand.

Hangklip van Queenstown en Cradock is ook groot derbies. En dan is daar die 340 km- en 330 km-reis na onderskeidelik De Aar en Volkskool op Graaff-Reinet. Omdat Aliwal-Noord op die grens van Oos-Kaapland en die Vrystaat geleë is, ding ANHS ook mee met talle Vrystaatse skole, onder meer Sentraal in Bloemfontein. ANHS was by die destydse Noord-Oos-Kaapland vir die Craven-week ingedeel, maar sedert 1996 val die skool onder Grens.

Die skool was nog altyd mededingend en het heelwat goeie spanne in opgelewer. Die span van 1979 is dalk sy beste in sy onlangse geskiedenis. Onder die aanvoering van die slotte Francois Botha (kaptein) en Frank Norval (onderkaptein) het hulle 'n sterk Marlow-span op Cradock oortuigend geklop, en die weeromwedstryd teen Burgersdorp met 14-12 gewen. Die jare '81, '90 en '95 het ook goeie spanne opgelewer. Landman Goosen is in 1995 vir die Akademiespan gekies. Wilken Heyns se span van 2006 het ook uitmuntend presteer. Sedert die middel negentigs het die skool standhoudend Grens-skolespelers opgelewer – iets merkwaardigs as in ag geneem word dat talle plattelandse skole, asook die grotes soos Selborne, Dale en Queen's, almal om provinsiale kleure meeding.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Dawie Ackerman
Leon Vogel

BREIERSFOKUS

Hennie "Oompie" Jansen
(Breier vir 12 jaar sedert 1986)

"Diegene wat my ken, weet dat ek 'n motiveerder is. Dis seker omdat ek regtig opgewonde en betrokke by die spel raak. Soms tot my nadeel. Op 'n keer moes die wagte by 'n Cravenweekwedstryd my byvoorbeeld na die grond agter die advertensieborde weglei omdat ek te betrokke by die wedstryd geraak het! By nog 'n geleentheid het ek langs die veld afgehardloop, en toe die senter oorduik vir 'n drie, het ek ook geduik. Ek is dalk té geesdriftig, maar dis moontlik maar omdat ek so hartstogtelik oor rugby is.

Burgersdorp is die tradisionele derby, en nie een van die skole het etlike jare agtereenvolgens die oorhand nie. De Aar se interskole is ook teen ons – hul laaste wedstryd van die seisoen. En dan is daar ook die groot wedstryd teen Hangklip.

Aliwal Noord staan baie talentvolle spelers aan die stede en tegniese- en landbouskole af. Party van die beter spelers beland by Grey Bloem, wat nie so ver weg is nie. Francois Steyn was byvoorbeeld 'n paar jaar hier op laerskool.."

— Hennie "Oompie" Jansen

"Aliwal het oor die jare 'n rugbyskool geword wat respek afdwing. Dis altyd 'n goeie teken as ons opponente hul deeglik vir hul kragmetings met ons voorberei, en as hulle verjeug is wanneer hulle ons klop. Vir 'n skool met net 220 seuns, en die feit dat rugby met sokker en hokkie meeding, vaar die skool besonder goed.."

— Marius Loubser (1979-85; '89–92)